

Skriflesing: Jakobus 4:1 – 17Teks: **Jakobus 4: 1,4,7-8a,10**Sing- **VOORAF SANG: Sb. 4-1 (1): 1,5,6****TYDENS EREDIENS: Ps. 66:1,2; Ps. 68:1 ; Ps. 68:2; Ps. 66:7,8****Jakobus 4:1 – 17****Jas 4:1** Waar kom die stryd vandaan, waar kom die rusies onder julle vandaan? Kom dit nie van julle selfsugtige begeertes wat gedurig binne-in julle woed nie?**Jas 4:2** Julle wil dinge hê, maar kry dit nie en wil dan moord pleeg; julle is jaloers op 'n ander man se goed en kan dit nie in die hande kry nie en dan maak julle rusie en baklei julle. Julle kry nie, omdat julle nie bid nie.**Jas 4:3** As julle bid, ontvang julle nie, omdat julle verkeerd bid: julle wil net julle selfsugtige begeertes bevredig.**Jas 4:4** Weet julle nie, julle ontroues, dat vriendskap met die wêreld vyandskap teen God is nie? Wie 'n vriend van die wêreld wil wees, wys daarmee dat hy 'n vyand van God is.**Jas 4:5** Of dink julle dat die Skrif sonder rede sê dat God die gees wat Hy in ons laat woon, heeltemal vir Homself wil hê?**Jas 4:6** Maar die genade wat Hy gee, is nog groter. Daarom sê Hy: "God weerstaan hoogmoediges, maar aan nederiges gee Hy genade."**Jas 4:7** Onderwerp julle dan aan God. Staan die duiwel teë en hy sal van julle af wegvlug.**Jas 4:8** Nader tot God en Hy sal tot julle nader. Was julle hande, sondaars, en reinig julle harte, huigelaars.**Jas 4:9** Bekla julle ellende, treur en huil! Laat julle vrolikheid in rou verander en julle blydschap in droefheid.**Jas 4:10** Onderwerp julle in nederigheid voor die Here, en Hy sal julle verhoog.**Jas 4:11** Moenie van mekaar kwaad praat nie, broers. Hy wat van sy broer kwaad praat of sy broer veroordeel, praat kwaad van die wet en veroordeel die wet. En as jy die wet veroordeel, handel jy nie meer volgens die wet nie, maar speel jy regter daaroor.**Jas 4:12** Daar is egter maar een Wetgewer en Regter, en dit is Hy wat die mag het om te red en te verdelg. Maar jy, wie is jy om regter te speel oor jou naaste?**Jas 4:13** Kom nou, julle wat sê: "Vandag of môre sal ons na dié en dié stad toe gaan en 'n jaar lank daar bly; ons sal sake doen en geld maak."**Jas 4:14** Julle wat nie eers weet hoe julle lewe môre sal wees nie! Julle is maar 'n damp wat 'n oomblik verskyn en sommer weer verdwyn.**Jas 4:15** Julle moet eerder sê: "As die Here wil, sal ons lewe en sal ons dit of dat doen."**Jas 4:16** Maar nou is julle te seker van julleself en praat julle groot. Al sulke grootpraterij is verkeerd.**Jas 4:17** As iemand weet wat die regte ding is om te doen en hy doen dit nie, is dit sonde.**Skriflesing:** Jakobus 4:1 – 17Teks: **Jakobus 4: 1,4,7-8a,10**Sing- **VOORAF SANG: Sb. 4-1 (1): 1,5,6****TYDENS EREDIENS: Ps. 66:1,2; Ps. 68:1 ; Ps. 68:2; Ps. 66:7,8**

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, tot waar ons vandag in die Jakobus-brief gekom het, was ons voortdurend daaraan herinner dat ons op allerlei wyses beproef gaan word. Ons mag nooit daardie eerste verse in hfst. 1 vergeet waar Jakobus dit baie reguit gesê het- *2 My broers, julle moet baie bly wees wanneer allerlei beproewings oor julle kom, 3 want, soos julle weet, as julle geloof die toets deurstaan het, stel dit julle in staat om te volhard ...* Soos ons reeks uit hierdie oudste geskrif in die Nuwe Testament gevorder het, ja 'n brief uit die hande van 'n broer van ons Here Jesus Christus, het dit soveel kere gehandel oor dinge waarin ons getoets gaan word. 'n Toets wat die gelowige moet deurstaan. Heel aan die begin was die toets en dis sekerlik die

belangrikste waarmee alles moes begin, wat is jou reaksie op God se Woord. Die Woord wat God in jou lewe 'n ingeplante Woord gemaak het ... hoe reageer ek daarop? Die tweede toets was in hfst. 2 nl. hoe reageer ons op die klasseverskille, ons onderskeiding tussen mense, hoe maklik diskrimineer ons teenoor mense wat daar in ons omgaan en sosialisering met die mens op ons pad plaasvind. Die man met die ringe kry 'n ereplek in die sinagoge maar die man met die vodde klere is daar nie eers vir die mense plek by hulle voete nie. Die derde toets was direk op ons geloof van toepassing. Lewe my geloof deurdadig my geloof 'n geloof is wat van goeie werke kan getuig m.a.w. is my geloof lewend in die vrug wat dit dra. Dan bring dit wel goeie werke na vore, of is my geloof eintlik nie die naam geloof werd nie, want dit is 'n dooie geloof sonder enige werke. Hfst. 2 vers 26 stel die derde toets baie konkreet- *26 'n Liggaam wat nie asemhaal nie, is dood. So is die geloof wat nie tot daad kom nie, ook dood.*

Die vierde toets wat ons so deur die loop van Jakobus na ons sien kom het, is waar dit gaan oor die beheer van ons tonge en ook word ek dikwels daarmee getoets. Jakobus is oor die gevaar van wat tonge kan doen onder 'n baie diepe indruk. In die hele brief is dit nie minder nie as 9X wat die tong en die mooie van 'n goeie leermeester maar ook die gevare van 'n leermeester met die verkeerde tong ons getoets het. Hoe die tong aan die regte leer gebind moet word, hoe die geloof en die tong moet saamwerk want die krag van die tong, die vernietiging wat die tong kan pleeg, hoe ontembaar die tong kan wees, hoe inkonsekwent die tong kan wees mag ons nooit geringskat nie.

Daarom toe ons die einde van Februarie Nagmaal gevier het, was ons eintlik by die een groot versugting, dat daar wysheid in ons lewe moet wees. Ware wysheid van bó wat uitloop op 'n goeie lewenswandel en juis deur sy werke van sagmoedigheid die wysheid betoon. Ons het toe geëindig met die belangrikste wysheid wat hfst. 3 mee geëindig het- *18 Hierdie wysheid bring jou in die regte verhouding met God, en jy moet dit gebruik om vrede te maak.* 'n Ware wysheidslewe moet ons tog ook bring by 'n ware heiligheidslewe, so kan ons ook die skakel tussen hfst. 3 en hfst. 4 wil maak.

Dit wat die vierde toets was, bring ons by die vyfde toets vandag. U en ek word ook getoets in watter mate is ons daartoe geneig om maar te doen soos die wêreld dit doen. Is ek 'n vriend van

die wêreld of 'n vriend van God. Die gevaar van wêreldgelykvormigheid is op baie maniere dit waarin ons getoets gaan word as ons hfst. 4 tot by hfst. 5 vers 12 moet saamvoeg.

Ons word weereens gedwing om ons hande diep in eie boesem te steek wanneer ons sal moet rekenskap gee hoe ek my hartstogte, my planne vir môre, my geld en besittings hanteer. Doen ek dit in wêreldse terme of is ons bereid om die goddelike terme hier ons eie te maak. Om in wysheid van bó, wat altyd ons gebed uit Jakobus moet wees, te handel, laat ons vandag by die volgende drie sake stilstaan: Eerstens hoe gevaarlik kan ons hartstogte, hoe gevaarlik kan ons selfsugtige begeertes nie wees nie. In die tweede plek- Kom al nader aan God want wie hom/haar nie aan God wil onderwerp nie, het wêrelds geword. In die laaste plek- hoe kan ek nederig wees in 'n wêreld wat baie hoogmoedig is. Eerste dan-

Hoe gevaarlik kan ons hartstogte en sondige begeertes nie wees nie?!

U kom agter hoofstuk 3 het geëindig met vrede, hoofstuk 4 begin met oorlog. Jakobus het sekerlik die gemeente waarvan hyself deel was nou duidelik in die oog. Paulus het in Galasiërs 2 nie verniet Jakobus beskou as een van die pilare in die kerk van Jerusalem nie (vgl. Gal 2:9). Jakobus draai ook nie doekies om nie. Hy gebruik sterk militêre terme! Daar moet wel oorlog met die wêreld wees, om dit so uit te druk, maar nou is gelowiges baie keer geneig om eerder oorlog met mekaar te maak in plaas van om die stryd met die wêreld aan te knoop. Hoe dikwels is dit ook die sg. leermeesters wat voorgee dat hulle wysheid en verstandigheid besit, maar is hulle alles behalwe die mense wat geregtigheid in vrede kan saai om dan wel vrede te maak (vgl. weereens einde van hfst. 3).

Dit is duidelik Jakobus sukkel nie om agter te kom waar kom die stryd en rusies vandaan nie! Dit wat iets van die orde van die dag geword het. Dit kom net van een plek en dit is wat daar binne-in die mens aan die gang is. Daar is 'n stryd binne-in jou en my, dit woed binnekant ons en as dit oorkook, want dit wil aanmekaar oorkook, dan kook dit na drie kante toe oor. Dit tref die kerk en die mede-mens, maar ook jy wat die stryd voer, word baie hard getref. Dit lei tot rusies onder mekaar (vv. 1-2), dit gee aanleiding tot gebede wat nie opreg is nie en daarom ook oneffektief is (vv. 2-3), en sy groot uitloper is daar kom dan al meer vriendskappe met die wêreld wat noodwendig vyandskap met God teweegbring.

Die verval in verwêreldliking toon ook 'n duidelik dalende lyn. 'n Mens wat 'n vriend van die wêreld geword het, is m.a.w. eintlik daartoe geneig om al laer te daal. As daardie selfsugtige begeertes hier binne jou oorlog begin maak dan kom dit uit in allerhande welluste van ek wil hê maar ek kan nie kry nie. Iets van 'n listigheid (Engels praat hulle van 'n 'craving'), ja duiwelse begeertes wat jou begin opvreet, dit loop uit op erge vorme van frustrasies. Onvervulde begeertes wat die honger in die hart nie stil kry nie.

Dit volg 'n verdere afwaartse stap dat ek kan moor vir wat ek nie kan kry nie. Haat in die hart kom in verband met moord in die hart. Dan gaan dit nie oor fisiese moord nie, maar waar die hart so donker kan word. Jesus het in Matt. 5 al gewys op hierdie tipe moord waar nie noodwendig 'n druppel bloed na buite vloei nie as Jesus dit so saamvat- vv 21-22: *21 "Julle het gehoor dat daar van die ou tyd af aan die mense gesê is: 'Jy mag nie moord pleeg nie; en elkeen wat moord pleeg, is strafbaar voor die regbank'. 22 Maar Ek sê vir julle: Elkeen wat vir sy broer kwaad is, is al strafbaar voor die regbank. Verder, elkeen wat sy broer uitskel vir 'n gek, is strafbaar voor die Joodse Raad; en wie hom uitskel vir 'n idioot, is strafbaar met die helse vuur.*

As die derde laagtepunt in die afwaartse lyn sy buiging maak is dit gewoon van jy sal nie kry wat jy so na verlang nie. Die Bybel Direkte Vertaling stel dit dat julle hierdeur niks kan bereik nie. Dan gee Jakobus veral twee redes vir hierdie mislukking op kerklike terrein. Twee redes wat ons as gemeente goed na moet kyk en nie mag toelaat dat dit ons ook ondertoe trek nie. Ons moet bereid wees om nie met mekaar oor die groot worstelinge binne-ons oorlog te maak nie, maar soos Jakobus se naamgenoot, Jakob in die Jabbok, moet ek tot God nader, bereid wees om met God hierdie dinge binne-my uit te worstel. Ek moet bereid wees om te vra, baie keer het ons nie ontvang nie, omdat ons gewoon nie gevra het nie. So eenvoudig soos dit. Dan kom Jakobus by die tweede rede - In die Bybel Direkte Vertaling dan stel Jakobus dit: *Julle bid en julle ontvang nie, omdat julle op die verkeerde manier vra, sodat julle dit in julle wellus kan deurbring ...*

Geliefdes, ek vertrou u sien hierin hoe gevaarlik kan ons hartstogte en sondige begeertes dan wel wees. Dit wat Jakobus in hfst. 3 alreeds as bittere naywer en selfsug uitgemaak het, dit wat alles behalwe met enige wysheid van bó verband kan hou, dit wat alles behalwe met nederigheid verband hou. Dit word 'n slagveld van gevoelens en groot verwoesting, selfs binne die kerk van

die Here. As my begeertes en die gebed en die dinge wat ek ontvang het, verkeerd gebruik word, dan sondig ek nie net in myself nie, maar ek mors met die lewens van soveel ander mense. Dit bring dan ook reeds ons tweede hoofsaak na vore hoe ek van hierdie dinge kan wegkom is daar net één manier:

Kom al nader aan God want wie hom/haar nie aan God wil onderwerp nie, het wêrelds geword

As ons so die einde van die Jakobus-brief begin nader, broeder en suster, mag ons diegene wees wat as getroues bekend sal staan. As mense wat weet hoe kosbaar ons verhouding met die Here is- Want weet ons dat in baie opsigte stel God sy verhouding met ons in wat huwelikstrou ook impliseer. God wat sy kerk Sy bruid noem, God wat 'n Man vir sy vrou wil wees, wat Hy dan sy Kerk noem. Hy wat in alles van ons getrouheid verwag. Wie in die huwelik ontrou is word 'n egbreker genoem en so noem Jakobus ook die kerk wat van God wegbeweeg. Vers 4 praat van *4 Egbrekers en egbreeksters, weet julle nie dat die vriendskap van die wêreld vyandskap teen God is nie? Wie dan 'n vriend van die wêreld wil wees, word 'n vyand van God.*

Onse God is Een wat sy liefde eerste stel en van ons verwag dat ons Hom eerste moet liefhê. Egbreek kom ter sprake daar waar liefde heeltemal van die spoor raak en so die pad heeltemal byster raak. As ons in die Wet van die Here lees, ja ook op nog ses ander plekke in die Bybel dan lees ons dat onse God is 'n jaloerse God. Dit het niks te make met die gevoel van jaloesie wat so negatief by mense ontstaan en op die mens hom wreck nie, maar as van God geskrywe staan, Hy is 'n *jaloerse God* dan is hier so baie positiewe aspekte hieraan verbind. In die Hebreeus lees ons hierdie woord vanuit die stam **נָקַד** *qanna* wat eintlik wys op hoe 'n intense wyse God sy eienaarskap oor ons sal beskerm. Hy is op intense wyse in ons lewe betrokke en wil daarby betrokke wees.

Want in die verband lees ons hoe God werklik in alles baie naby ons wil wees- *Met jaloersheid begeer die Gees wat in ons woon.* God wil die gees wat Hy in ons laat woon heeltemal vir Homself hê, het ons geles. Of dit nou hier gaan om die menslike gees, dit wat jou werklik geestelike lewe in alles insluit, die lewensasem wat God die mens ingeblaas het wat ons by Adam van lees. Of gaan dit hier om die Heilige Gees, daar is heelwat verskil van mening onder die Skrifverklaarders. Die punt is God wil ons by Hom hê. *Met jaloersheid begeer die Gees wat in ons woon.*

Dan kom hier nog groter genade. Dit is alleen God wat so genadig kan wees en wat sy genade nog groter kan maak as ons lees hoe ons in hierdie opsig by 'n nog diepere toets gaan uitkom. Is ek hoogmoedig of is ek nederig. Ons vra dan ten slotte die vraag:

Hoe kan ek nederig wees in 'n wêreld wat baie hoogmoedig is?

Hoogmoed kan 'n beproewing wees en juis word ons getoets in hoe hoogmoed beproef kan word, hoe God ons toets in wat ware nederigheid voor Hom moet wees. Wat hoogmoed so gevaarlik maak is dat dit in stryd kom met die wese van die gebed. Gebed is wanneer ek bereid is om God te smek, ek as nietige sondige mens wat my sondige onwaardigheid voor God bely en my volkome afhanklikheid van God besef. Hoogmoed maak dat ek moeilik my onwaardigheid raaksien, ek eintlik te trots wil wees om my behoeftes aan God bekend te maak. Die regte gesindheid by gebed begin en eindig by nederigheid. Hiermee verstaan ek dan nou ook soveel beter hoe maklik gebeur dit wat Jakobus in vers 3 ons mee gewaarsku het. Ek kan so maklik verkeerd bid. Kom ons dit nog meer kategoriees stel. Die hoogmoedige sal uit die aard van sy hoogmoed noodwendig verkeerd bid. Om hoogmoedig te raak is eintlik maar die mens wat hom/haar teen God verhef.

Al manier hoe ek nederig kan word, is drie opdragte wat vir ons uitstaan. Opdrag 1 is - *onderwerp julle aan God*. Opdrag 2 is - *staan die duiwel teë en hy sal van julle af wegvlug*. Opdrag 3 is so 'n mooi saak en as dit gebeur is dit net nog mooier. *Nader tot God en Hy sal tot julle nader*. Hierdie drie opdragte lê ingebou in twee duidelike dinge waarvan ons seker kan wees. Die eerste versekering wat God ons gee is dat as ons die duiwel aanhoudend teëstaan, want dit is iets wat aanhoudend moet gebeur, hy wel sal wegvlug. As daar een is wat nie maklik ophou om jou te treiter nie, dan is dit Satan. Soms voel dit hoe sterker ek probeer teëstand bied, hoe meer word ek aangeval. Tog moet nie ophou teëstand te wil bied nie, want God gee die belofte, ja God verseker ons eventueel dat die duiwel uiteindelik die aftog sal blaas as ons hom aanhoudend teëstaan. En dan die pragtige, en wil ek sê by vandag se bediening van die Woord, die laaste versekering waarmee ons hier kan weggaan. *Nader jy tot God en God sal tot jou nader*. Dit sluit so mooi aan by die woorde waarmee ons Here Jesus Christus ons in Joh. 6:37 ook na Hom uitgenooi het. *El sal hom wat na My toe kom, nooit verwerp nie*.

Die nederige mens is die mens wat sy planne vir môre, sy geld, sy besittings op 'n ander manier hanteer as die wêreldse mens. Hoe selfversekerd kan die wêreldse mens nie baie keer wees nie. Die een wat sê ek gaan môre na daardie stad toe gaan, ek gaan daardie transaksie afhandel, ek gaan baie wins maak, alles so selfversekerd, terwyl die nederige mens erken ek weet nie eers wat môre gaan gebeur nie. Die nederige mens erken dat alles in die Here se hande is. Dis die mens wat die beginsel van *Deo Volento* – afgekort as DV, nie maar net sê nie, maar dit uitleef. As dit die Here se wil is, sal ek dit of dat doen. Dit is hoe u en ek nederig kan wees in 'n wêreld wat baie hoogmoedig kan wees. Die nederige mens doen dinge eenvoudig net anders as wat die wêreldse en nog soveel te meer die hoogmoedige mens dit doen.

As ons DV oor 2 weke dan hierdie reeks afsluit sal ons agterkom hoe verganklik is die dinge wat die hoogmoedige mens, wat in baie gevalle 'n ryk mens is, sy hoop op bou. Hfst. 5 is die laaste hoofstuk uit die reeks. Watter ryke hoofstuk as dit vir ons sal gaan om die ware geduld wat daar by ons moet wees (dit waarmee u ouderling op die laaste huisbesoeke ook met van u sou handel), maar hiermee saam sien ons daarna uit om te hoor hoe kragtig is ons gebede, ja die gebed reg gebid is 'n gebed kragtig en baie effektief. Mag ons daarna wil uitsien.

AMEN